

SARS PERSVERKLARING

SARS VERWELKOM DIE HERSIENE INKOMSTERAMING VIR DIE 2025/26 FISKALE JAAR

Tshwane, 25 February 2026 - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), Edward Kieswetter, verwelkom die hersiene inkomsteraming wat deur die agbare minister van finansies, mnr. Enoch Godongwana, voorgelê is. SARS sal geen moeite ontsien om dié hersiene inkomsteraming te behaal nie, terwyl dit Suid-Afrika se fiskale omgewing en hoofmakro-ekonomiese aanwysers monitor. SARS sal sy strategie en bedrywighede rig om sy inkomstepresteding te volhou en die fiskus te beskerm.

Kommissaris Kieswetter het gesê dat "SARS se vertroue om die hersiene inkomsteraming te behaal gegrond is op huidige ekonomiese gegewens en die organisasie se fokus op dienslewering en nakoming".

Die minister het met die begrotingsrede die 2025/26-inkomsteraming opwaarts hersien na R2 006.9 miljard, teenoor die 2025-MTBBR-raming van R2 005.3 miljard. Dit verteenwoordig 'n verbetering van R21.3 miljard tenoor die 2025-begroting se amptelike raming van R1 985.6 miljard, en R1.7 miljard teenoor die 2025-MTBBR-raming. SARS se nakomingspogings soos teen einde Januarie 2026, het R11.6 miljard tot hierdie verbeterde uitkoms bygedra wat 54.5% van die totale opwaartse aanpassing uitmaak. Dit behels kontantinkomste van R7.1 miljard, samegestel deur R3.6 miljard uit skuldinvordering en R4.5 miljard uit die voorkoming van inkomste-lekkasie. SARS se bydra word beraam op nagenoeg R14 miljard (65.7%) teen jaareinde. Die hersiene raming weerspieël verbeterde fiskale maatstawwe, insluitend 'n belasting-tot-BBP-verhouding van 25.9% en belastingveerkragtigheid van 1.69.

Die wêreldomgewing is in 2025 gekenmerk deur uitsonderlike hoë onsekerheid, terwyl politieke spanning vroeg in 2026 steeds hoog was. Plaaslik het ekonomiese groei gestabiliseer met vier opeenvolgende kwartale van uitbreiding en volgehoue groei oor die grootste deel van die onlangse kwartaal. Huishoudelike verbruik was die hoof aandrywer van groei, met 'n styging van meer as 3.0% in 2025 vergeleke die geraamde algehele BBP-groei van 1.3%. SARS kan bevestig dat inkomsteprestering steeds die breër ekonomiese toestande weerspieël, tesame met die impak van belastingbeleidsbesluite en nakomingsuitkomste.

Jaar-tot-datum (JTD) bruto inkomste beloop R1.973 triljoen, 'n toename teenoor die vorige jaar se R1.839 triljoen met R134.7 miljard (7.3%). Hierdie toename sluit 'n kontantbedrag van R118.8 miljard in, 'n toename teenoor die vorige jaar se R111.7 miljard met R7.1 miljard (6.4%), verseker deur SARS se verbeterde administratiewe doeltreffendheid.

JTD netto inkomste-invordering beloop R1,586 triljoen (teenoor 2025 se R1,460 triljoen), 'n toename van R125,8 miljard (8,6%). JTD netto-inkomste sluit ook winste uit nakomingspogings ter waarde van R225,0 miljard in (teenoor R213,4 miljard in 2025), 'n toename van R11,6 miljard (5,4%).

Die hersiene inkomsteraming, ten spyte van versagtende ekonomiese aannames, weerspieël die wisselwerking tussen verbeterde kommoditeitspryse en SARS se volgehoue fokus op verbeterde nakoming. Nominale BBP-groei is afwaarts hersien na 4,8% (vanaf 5,4% in die 2025-MTBBR) en VPI-inflasie na 3,3% (vanaf 3,5% in die 2025-MTBBR). Reële BBP word verwag om verder te verbeter tot 1,8% (vanaf 1,5–1,6% met die 2025-MTBBR). Wat BBP-besteding betref, is die vooruitsigte vir finale huishoudelike verbruik en uitvoere opwaarts hersien, terwyl finale regeringsverbruik, bruto vastekapitaalvorming en invoere afwaarts aangepas is.

Uiteensetting van die nakomingsinkomste van R225 miljard:

- Die belangrikste bydraers tot kontant-nakomingsinkomste is skuldinvordering van R84 miljard, op met R4,4 miljard teenoor R79,6 miljard in die vorige jaar; en paragraaf 19(3)-betalings deur groot maatskappye ter waarde van R12,1 miljard, op met R1,2 miljard (11,5%) teenoor die vorige jaar se R10,8 miljard.
- JTD-terugbetalings was R387.3 miljard, op met R8.9 miljard (2.4%) teenoor die vorige jaar se R378.4 miljard.
- Alle lekkasie-voorkominginisiatiewe het R106.3 miljard bespaar teenoor die vorige jaar se prestasie van R101.7 miljard, op met R4.5 miljard (4.4%), hoofsaaklik saamgestel deur:

Werknemersbelastings (LBS)

Lopende betaalstelsel- (LBS-) -invorderings het in totaal R636.2 miljard in Januarie 2026 beloop, wat 'n jaar-op-jaar-groei van R45.9 miljard (7.8%) weerspieël teenoor die vorige jaar, effens onder die verwagte groeikoers van 8.4% volgens die 2025-MTBBR.

Die jaar-tot-jaar-groeikoers is hoofsaaklik gedryf deur invorderings van werkgewers in die finansies-, gemeenskaps- en groothandelsektore. Groei is

beperk deur tweepot-LBS-invorderings van R8.5 miljard, afwaarts teenoor R10.6 miljard wat in die vorige jaar ingevorder is.

Die bekendstelling van die tweepotstelsel in Oktober 2024 het besonderse hoë onttrekkings in die eerste jaar beleef, wat verhoogde LBS-invorderings tot gevolg gehad het. Aangesien die aanvanklike oplewing afgeneem het, het huidige onttrekkingskoerse gedaal.

Die afgelope 10 maande se prestasie dui op verskuiwings in die ekonomiese en wetgewende omgewing. PIB-verwante belastingbeleidmaatreëls wat met die 2025-begroting aangekondig is, het ingesluit:

- Geen inflasie-aanpassings aan belastingskale nie, en kortings ter waarde van R15.5 miljard; en
- Geen inflasie-aanpassings aan mediese belastingkrediete nie, wat R1.2 miljard opgelewer het.

Daarby het onderliggende ekonomiese verwagtinge ten opsigte van die loonrekening tydens die jaar versag, met Begroting 3.0- en MTBBR-ramings wat van 6.4% tot 4.8% met die 2026-begroting verlaag is. In hierdie tydperk het werklike uitkomste in 2025 se kwartaal 2 (April - Junie) en kwartaal 3 (Julie - September) onderskeidelik met 3.9% en 3.6% gegroei. Verwagte LBS-groei het daarom verskuif van Begroting 3.0 se 7.8% tot 8.4% met die 2025-MTBBR, en tot die 2026-begroting se aangepaste vooruitsig van 7.9% gelei.

MIB totale belastinginkomste insluitend nakomingsinkomste

Bruto maatskappye inkomstebelasting- (MIB-) -invorderings het R281.5 miljard bereik, op met R23,4 miljard (9,1%) teenoor die vorige jaar se R258.1 miljard. Die styging sluit R26.1 miljard uit kontantnakomingspogings in, 'n styging van R2.4 miljard (10.1%) teenoor die vorige jaar se R23.7 miljard. Sonder die opbrengs uit nakomingspogings, verminder die jaar-op-jaar-groei tot R21.0 miljard (9.0%).

Inkomste uit voorlopige MIB beloop R262.6 miljard, op met R24.8 miljard (10.4%) teenoor die vorige jaar se R237.8 miljard. Nakomingspogings het R15.5 miljard verseker teenoor die vorige jaar se R12.6 miljard, 'n toename van R2.9 miljard (22.9%). Sonder hierdie nakomingsinisiatiewe sou jaar-tot-jaar-groei gedaal het tot R21.9 miljard (9.7%).

JTD MIB-terugbetalings het R26.4 miljard beloop, op met R4.1 miljard (18.6%) teenoor die vorige jaar se R22.3 miljard. SARS se administratiewe pogings het ontoelaatbare terugbetalings ter waarde van R11.0 miljard verhoed.

Daarbenewens is 'n aangeslane verlies van R14.3 miljard vir 'n groot maatskappy afgekeur teen 'n debietaanspreeklikheid van R17.0 miljard.

Netto MIB-invorderings beloop R255.1 miljard, op met R19.3 miljard (8.2%) teenoor die vorige jaar se R235.9 miljard. Pogings om vrywillige nakoming te verbeter het 'n netto bedrag van R51.4 miljard verseker teenoor die vorige jaar se R39.1 miljard, 'n toename van R12.2 miljard (31.3%). Sonder hierdie pogings sou jaar-tot-jaar-groei R6.9 miljard (3.5%) gewees het.

BTW totale belastinginkomste insluitend nakomingsinkomste

Bruto BTW-invorderings van R714.6 miljard is op met R38.7 miljard (5.7%) teenoor die vorige jaar se R675.9 miljard. Bruto BTW sluit kontantinkomste uit nakomingspogings ter waarde van R53.4 miljard in, op met R0.6 miljard (1.1%) teenoor die vorige jaar se R52.8 miljard. Sonder hierdie winste sou jaar-tot-jaar-groeikoers R38.1 miljard (6.1%) gewees het. Dit is belangrik om daarop te let dat genormaliseerde groei hoër is as gerealiseerde groei, aangesien nakomingsinkomste (6.7%) stadiger groei as vrywillige inkomste (8.4%). Dit weerspieël die toenemende verbetering in vrywillige nakoming.

Binnelandse BTW-invorderings het R504.6 miljard beloop, op met R34.0 miljard (7.2%) teenoor die vorige jaar se R470.6 miljard. Hiervan beloop kontant-nakomingsinkomste R33.3 miljard, af met R2.3 miljard (-6.6%) teenoor die vorige jaar se R35.7 miljard.

Vanjaar is die winste uit nakomingspogings in binnelandse BTW laer weens verbeterde nakoming in die elektroniese-dienste-industrie na aanleiding van die vorige jaar se wysiging aan die BTW-wet. 'n Nakomingsdividend ter waarde van R1.0 miljard (R1.2 miljard in 2024/25) vorm dus nou deel van die huidige jaar se basis. Verder is laer winste uit afgekeurde betalings ter waarde van R1.8 miljard af met R0.7 miljard (-26.6%) teenoor R2.5 miljard in 2024/25. Afname in opbrengste uit nakomingsinisiatiewe is aan die algemene verbetering in BTW-betalingsnakomingskoerse toeskryfbaar wat tot 87.4% gestyg het teenoor die vorige jaar se 85.3%.

Invoer-BTW beloop R210.0 miljard, op met R4.7 miljard (2.3%) teenoor die vorige jaar se R205.3 miljard. Kontant-nakomingspogings het R20.1 miljard bygedra, op met R3.0 miljard (17.6%) teenoor die vorige jaar se R17.1 miljard. Verbeterde invoer-BTW-inkomste is te danke aan robuuste skuldinvordering van R15.0 miljard, 'n verbetering van R1.7 miljard (13.1%) teenoor die vorige jaar se R13.3 miljard. Sonder hierdie nakomingswinste sou jaar-tot-jaar-groei R1.7 miljard

(0.9%) laer gewees het. Invoer-BTW het 'n marginale groei van R4.7 miljard (2.3%) beleef, hoofsaaklik gedryf deur verhoogde voertuig-invoere weens nuwe voertuigverkope wat met 15.7% in kwartaal 3 van 2025 gegroei het (volgens die Nasionale Vereniging van Motorvervaardigers van Suid-Afrika).

JTD BTW-terugbetalings beloop R312.4 miljard, op met R3.3 miljard (1.1%) teenoor die vorige jaar se R309.1 miljard. Die voorkoming van ontoelaatbare terugbetalings het R50.1 miljard bygedra, op met R1.1 miljard (2.3%) teenoor die vorige jaar se R49.0 miljard.

Netto BTW-inkomste beloop R402.2 miljard, op met R35.5 miljard (9.7%) teenoor die vorige jaar se R366.8 miljard. Nakomingswinste het R103.5 miljard bygedra, 'n toename van R1.8 miljard (1.7%) teenoor die vorige jaar se R101.8 miljard. Sonder hierdie pogings sou jaar-tot-jaar-groei teruggesak het na R37.1 miljard of 7.9%

Onwettige ekonomie

SARS is bewus dat die onwettige ekonomie 'n bedreiging vir ons samelewing se veiligheid en ekonomiese bedrywigheid inhou. Dit het teen 'n kommerwekkende tempo oor bykans alle ekonomiese sektore gegroei en tap die wettige ekonomie uit, belemmer werkskepping en vererger misdaad. Die onwettige ekonomie dreineer na raming 5 tot 8% van ons BBP. SARS sal 'n leidende rol speel in die uitvoering van die president se SONA-aankondiging om 'n nasionale program vir die ontwrigting van die onwettige ekonomie op die been te bring. In hierdie verband pleit SARS ook vir 'n meer gekoördineerde benadering met ander regeringsinstansies, die sakegemeenskap en sektorkundiges om misdaad, korrupsie en die onwettige ekonomie te beveg, terwyl dit sy eie pogings toespits op sy spesifieke nakomingsmandaat om hierdie euwel te bekamp.

Terugblik op nakomingsinkomste

Oor die afgelope ses jaar het nakomingsinkomste 'n omskrywende kenmerk van SARS se inkomsteprestasie en 'n sleutelbydraer tot fiskale stabiliteit geword. Dit het van R128.4 miljard in 2019/20 tot R304.0 miljard in 2024/25 gegroei teen 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van 18.8%, selfs terwyl die ekonomie die skokke van die pandemie en 'n brose herstel geabsorbeer het. Hierdie groei weerspieël SARS se wegbeweeg van afhanklikheid van ekonomiese siklusse na die identifisering, regstelling en voorkoming van nienakoming. Nakomingsinkomste het in 2024/25 16.4% van totale belastinginkomste

uitgemaak, teenoor 9.5% ses jaar gelede, ver bo internasionale maatstawwe en 'n duidelike aanduiding van verbeterde doeltreffendheid in inkomste-administrasie.

Versterkte nakomingsinkomste is ook gewortel in SARS se gemoderniseerde belastingpligtigedienste, risikobestuur en skuldinvorderingsstelsel, wat die vrywillige nakomingsindeks versterk het. Kommissaris Kieswetter het gesê dat SARS se "moderniseringsreis fundamenteel daarop gerig is om te herbesin hoe ons belastingpligtiges bedien op 'n wyse wat duidelikheid en sekerheid bied, asook om nakoming makliker en eenvoudiger te maak, en sodoende inhoud te gee aan ons leuse dat die beste diens geen diens is nie".

Visie 2030 - Belasting 3.0

SARS het beduidende vordering gemaak met die bou van 'n slim digitale belasting- en doeane-administrasie vir die toekoms waar "belasting eenvoudig net gebeur". Dit word ondersteun deur 'n visie van 'n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit wat deur almal vertrou en bewonder word. Ter illustrasie van hierdie fenomenale vordering, het SARS gedurende die pas afgelope belastingseisoen meer as 6 miljoen belastingpligtiges bedien wat niks hoef te doen het nie danksy SARS se outo-aanslae wat derdepartydata en kunsmatige intelligensie gebruik. Indien daar 'n terugbetaling verskuldig was en geen uitstaande navraag bestaan het nie, is dit binne 72 uur uitbetaal. Wanneer 'n belastingpligtige 'n opgawe indien, neem dit minder as vyf sekondes om te verwerk en 'n aanslag uit te reik. Hierdie proses stel 'n nuwe standaard vir belastingadministrasie. "Ons Visie 2030 is om proaktief met belastingpligtiges te skakel deur gebruik te maak van voorbrandtegnologie soos KI en masjienleer, datakunde, gesofistikeerde data-ontleding en verfynde algoritmes", het Kommissaris Kieswetter gesê.

Die kommissaris het verder opgemerk dat "dit reeds sewe jaar is wat SARS onfeilbaar positief op die minister se uitdagings reageer. Elke jaar het ons daarna gestreef om 'n bekwame staat te help bou wat alle Suid-Afrikaners dien, veral die kwesbaarstes onder ons. Ek het nog altyd gesê dat sommige van ons onself uit ekonomiese krisis, pandemies en mislukkings in maatskaplike dienste kan uitkoop, maar die mees kwesbares onder ons het nie daardie luuksheid nie. Die "gôgô" in KwaMashu, die seuntjie en dogtertjie in Diepsloot, en mense soos hulle, is afhanklik van staatsdienste. Ons bly daartoe verbind om ons deel te doen om daardie gaping te help oorbrug deur alles in te vorder wat aan die staat verskuldig is.

Die positiewe resultate wat SARS oor die jare gelewer het, berus op die bydrae van SARS-werknemers en die samewerking van belastingpligtiges en handelaars.

Kommissaris Kieswetter het opgemerk: “Aan alle SARS-werknemers wat deur ons hoër doelwit gedryf word om ’n hoër roeping te beantwoord, dankie dat julle ’n integrale deel is van hierdie voortgesette poging om inkomste in te vorder wat aan die fiskus verskuldig is. Julle werk, van die verbeterde dienslewering tot die afdwinging van nakoming, ondersteun Suid-Afrika se fiskale stabiliteit en ekonomiese herstel”.

SARS verwelkom verder die minister se aankondiging van verhogings in BTW-registrasiedrumpels vir KMMO’s. SARS sal in die komende weke kommunikeer oor die stappe wat geneem sal word om uitvoering te gee aan die minister se aankondiging.

Vir meer inligting, kontak gerus SARSMedia@sars.gov.za.

EINDE